

P. IMKER HOOGENHOUT

Digter van „Die Brug op Ons Plaas” en Ander
Afrikaanse Volksliedjies

deur

P. J. NIENABER

DIT is al dikwels met spyt gekonstateer dat die Afrikaners geen singende volk is nie, en herhaalde kere is mislukte pogings aangewend om hulle aan die sing te kry. Dat dit vroeër jare anders was, getuig die opmerkings van die redakteur (ds. S. J. du Toit) van *Ons Klyntji* (Julie 1897):

„'n Feertig jare gelede was dit wonderlik in di mode onder di jong mense om liidjiis te sing op bruilofte en in geselskappe. Elke jongeling en jonge nôi had 'n liidjiis-boekie, wat altyd groter werd, omdat daarin gedurig nuwe liidjiis bygeskrywe worde.... Party fan di liidjiis was ferenig met speuletjiis, soos „Patertji, gé jou Nonnetji 'n soen,” ens. waarby fluksop gesoen word. Di liidjiis was meestal oud-Hollans van afkoms maar werd deur sing en gedurig o'erskrywe hiir ordentelik gewysig en ferafrikaniseer. Dis wel jammer dat di liidjiis wat eenmaal so gelewe het onder onse jeug nou geheel verlore raak.”

Baie van hierdie liedjies het ds. Du Toit in sy tydskrif opgeteken en op dié wyse vir ons bewaar; maar die begeerde uitwerking het ook hulle nie gehad nie. Tog het die leiers van die Afrikaanse Beweging besef dat die lied 'n middel is om die Afrikaners saam te bind en die Afrikaanse taal te bevorder, en daarom stel die Afrikaanse Taalvereniging (gestig 3 November 1906) hom ook o.a. ten doel om: „verdienselike Afrikaanse boeke, liedere en ander geskrifte te versprei.”

In die Maart-uitgawe van *De Goede Hoop* van 1908 skryf mnr. P. Imker Hoogenhout: „Als daar één ding is waarvoor ons volk vir gin andere nasie behoef agteruit te staan ni, is dit seker wat musiek betref.... Gee net vir 'n Afrikaner 'n lied, wat hy verstaan, met woorde in syn eige taal, en luister of jy al 'n Duitser of 'n Engelsman of 'n Fransman harteliker hoor sing het.... Maar ons volk wil musiekstukke hê in hul eige taal en gees! Kyk hoe hou hul nog vas aan di ou Afrikaanse liedjies als hulle wil speel op picnics, so's bv.: „Di volkies koren saai,” „Janfiskaal,” „Zimbamba,” ens., hulle sing dit by uitstek, al ken hulle ook andere Engelse liedjies. Wanneer sal die Afrikaanse bard tog opstaan om deur musiek onse nasionaliteit te help bewaar en onder ons volk goeie, sedelike, patriotse liedere te verstrooi?”

Nou het mnr. Hoogenhout wel nie „Afrikaanse bard” geword nie, maar hy het hom sterk beywer om die Afrikaanse volkslied te bevorder deur self te dig. Sy liedjies het dadelik die volk aangegryp, sodat daar vandag haas niemand is wat nie *Die Brug op ons Plaas*, *Blomme in die Vlei* of *Grietjie*, ken en sing nie; op kultuurfeeste is hulle ook baie gewild.

Dit is my doel om in hierdie artikel die een en ander mee te deel oor die oorsprong van dié liedere, want dit is tog nodig dat ons dit sal weet: hoe baie Afrikaanse liedjies is daar nie alreeds waarvan ons niks omtrent die ontstaan of digters weet nie!

Nou sal dit nie onvanpas wees om ook iets omtrent die digter te vertel nie, al is hy 'n bekende persoonlikheid in Suid-Afrika.

Petrus Imker Hoogenhout is op 2 Februarie 1884 op Groenberg, 'n plaas naby Wellington, gebore, as seun van die bekende digter en taalpropagandis C. P. Hoogenhout. Sy eerste onderrig het hy dan ook in die skool van sy vader ontvang, en in 1899 is hy na die Hoër Jongenskool op Wellington. Al sy eksamens daar het hy met lof afgelê: in Taalbond en Geskiedenis-Taalbond was hy albei eerste op die lys. Daarna is hy na die Victoria-Kollege waar hy in 1904 dié graad B.A. behaal het.

Die plan was om vir mediese dokter te gaan studeer, maar omdat sy vader nie alte gesond was nie, is hy gevra om hom vir drie maande behulpsaam te wees, en die drie maande het drie en 'n half jaar geword. Op 24-jarige leeftyd (1908) is mnr. Hoogenhout aangestel as hoof van die Jeppe-Opleidings-instituut in Johannesburg; maar twee jaar later het dr. Adamson, direkteur van onderwys, hom gevra om na Bethal te gaan as hoof van die skool aldaar. Op hierdie dorp was daar moeilikhede: Die ou C.N.O.-skool en die Goewermentskool het geamalgameer en die ouers wou geen een van die dienende hoofde hê nie. Onder die leiding van mnr. Hoogenhout het die inrigting gegroei tot 'n hoërskool, wat na hom genoem is. Op Bethal is sy eerste vrou, Stinie Goosen, oorlede, en daar het hy sy tweede vrou Emma Muller, ontmoet.

In 1921 het mnr. Hoogenhout hom die benoëming tot skoolinspekteur laat welgeval. Sy eerste inspeksie-kring was Wes-Transvaal, met Wolmaransstad as sy hoofkantoor. Vyf en 'n half jaar het hy daar

gearbei en die mense leer liefkry, ook die delwers. Hy was daarna twee jaar lank hoofeksaminator van die Transvaalse Onderwysdepartement, en in 1929 is hy deur dr. D. F. Malan aangestel as Sekretaris van Binnelandse Sake, 'n pos wat hy sewe jaar beklee het, totdat hy benoem is tot voorsitter van die Nasionale Padraad. Terselfdertyd is hy ook voorsitter van die Immigrasie-Keurraad. En dan moet nog genoem word die verskillende kommissies waarin mnr. Hoogenhout



P. IMKER HOOGENHOUT

gedien het, soos die kommissie van volksonderwys, die kommissie vir die spelling van aardrykskundige eiename, ens., ens.

Vreemd is dit nie dat mnr. Hoogenhout, as seun van C. P. Hoogenhout, ook aan die Afrikaanse taalstryd deelgeneem het nie. Saam met dr. D. F. Malherbe, adv. J. H. H. de Waal en andere, is hy een van die stigters van die Afrikaanse Taalvereniging in 1906. „Tot my spyt,” verklaar mnr. Hoogenhout, „moes ek, weens my vertrek na Johannesburg in April 1908, my betrekkinge met die bestuur afbreek. Met 'n glimlag dink ek soms nog terug aan die sneedige tong van oom Jannie de Waal, die geestige opmerkings van adv. H. Burton en die verstandig-versoenende stem van adv. Hendrik van Zyl, tans regter-president van die Kaap.

Ook in die letterkundige wêreld is mnr. Hoogenhout geen onbekende nie, veral met sy bundel sketse: *Op die Delwerpe* (1926). En wie van die jonger geslag het nie kennis gemaak met sy skoolboeke nie. Daar is die serie *Lees met Lus*, wat besonder suksesvol was; *Afrikaanse Taaloejeninge* vir Standerds I tot X—die eerste van hul soort; *Afrikaanse Idiome, Taal en Styl* (saam met prof. M. C. Botha); *Stafie en Santie in Kabouterland* (saam met Eiternal), ens.

En nou kom ons weer by die volksliedjies. Graag stel ek mnr. Hoogenhout self aan die woord: „Onder my vader se invloed, veral gedurende dié drie en 'n half jaar dat ek saam met hom as onderwyser aan die Groenbergse skool werksaam was, het ek tot die oortuiging gekom dat dit hoog tyd was dat ons as

volk in eie taal sing. Destyds het ek 'n lewendige aandeel geneem aan die werksaamhede van die Agter-Groenbergse Debatsvereniging, waarvan ek ook vir 'n tyd voorsitter was, en opgemerk hoe die lede moes rondval om Afrikaanse liedere in die hande te kry. As Shakespeare sy stof uit vreemde bronne kon put, waarom sou ons dit nie doen nie? Moenie dink dat ek my swak pogings in die verste verte met die van die grootste Engelse skrywer wil vergelyk nie; maar in die stilte het ek tog dié gedagte gekoester in verband met die volkslied. Dog wat sou dit baat om egte Afrikaanse versies te maak as hulle nie op 'n mooi wysie kon gesing word nie? Op 'n paar uitsonderinge het ons self nou nog nie baie volkswysies deur Afrikaners gekomponeer wat werklik pakkend is nie. Die fout is dat hulle nie bou op wat werklik ons eie is nie. En in daardie tyd het haas niemand dit gewaag nie.

„By ons aan huis in Groenberg het daar dikwels baie jongmense gekuier en was die onderlinge verkeer besonder aangenaam en die stemming opgewek. By sodanige geleenthede het ons saam gesing en gespeel en musiek gemaak. Dit was dus nie moeilik om te besluit watter wysies hulle sou leen tot die Afrikaanse vertolking nie, en die gewildheid van *Blomme in die Vlei* en *Die Brug op ons Plaas* is bewys daarvan.”

„Blomme in die Vlei” (wysie: *Sweet Bunch of Daisies*) het volledig in *De Goede Hoop* van Januarie 1907 verskyn.

Mnr. Hoogenhout het by elke koeplet 'n aparte koor gehad, terwyl die lied vandag net een koor ken, die een by die oorspronklike tweede koeplet. Ons ken ook nie meer vir Sannie nie, maar Alie. Dit is egter 'n kenmerk van die volkslied dat dit aan verandering onderhewig is.

Mnr. Hoogenhout vertel verder: *Blomme in die Vlei* en *Die Brug op ons Plaas* is ongetwyfeld van die aller-eerste liedere wat die Afrikaner-jeug in die Boland weer laat sing het. Die eerste lied het ek in die lente gedig terwyl ek in die skoollokaal van Groenberg gesit het. Die leerlinge het 'n eksamentoets afgelê. Ek het op die verhoog voor hulle gesit en uitgekyk op 'n vlei 'n klein entjie van die skool af: die vlei het letterlik op 'n blomme-tapyt gelyk. Die woorde het my sommer te binne geskiet, en in 'n betreklik kort tydjie het ek die versies geskrywe. Hoewel ek die Engelse lied geken het, is my versies tog oorspronklik. Die originele wysie is dié van ene Anita Owen.

„Die lied is vir die eerste keer op 'n konsert in Groenberg deur myself gesing met ghitaar-begeleiding deur Gideon Goosen. Daar was 'n groot gehoor teenwoordig en na die konsert is ek deur tal van persone versoek om die woorde, wat toe in *De Goede Hoop* gepubliseer is. O.a. was die gevierde sangeres mej. Louisa Wessels (reeds oorlede) ook teenwoordig, en ook sy het my gevra om die musiek en woorde. Mej. Joan van Niekerk het dit later getoonset. Alie is nie my benaming nie. In die oorspronklike word Sannie genoem. Dit het betrekking op my eerste vrou, hoewel haar naam Stinie was; maar om verstaanbare redes kon ek haar naam nie noem nie.

„Tussen hakies, *Blomme in die Vlei*, soos gespeel en gesing oor die radio mis heeltemal die gees van die woorde. Die eerste koeplet moet *vinnig* en *opgewek* gesing word; die tweede minder vrolik en 'n bietjie stadiger, en die derde koeplet *sag* en *innig*. Gewoonlik word al drie versies temerig en treurig gespeel en gesing, en dit hinder my.”

Die Brug op ons Plaas is gepubliseer in *De Goede Hoop* van April 1905 „met baing ekskuse aan di skrywer van *The Old Rustic Bridge*.” Die moderne teks is presies soos die oorspronklike, behalwe dat Sannie deur Lenie vervang is, en die versreël „Ja, skoon ver verwyderd, myn gees vlieg terug,” deur „En skoon ver verwyderd, my hart gaan terug...”

Oor die ontstaan van hierdie lied vertel mnr. Hoogenhout: „*Die Brug op ons Plaas* het betrekking op die brug kort anderkant die woonhuis op die plaas Optenhorst, Bovlei, Wellington. Ek het 'n foto van die brug, maar dis nie 'n juiste weergawe van die brug soos hy gelyk het toe die gediggie geskrywe is nie. Dit is intussen verander en die pragtige eike-laan van die brug na die woonplaas is uitgekap.

„Dit word gesing op die wysie van *The Old Rustic Bridge*, en hier het ek 'n Afrikaanse kleur probeer gee by die vertolking van die Engelse woorde. Die gedagtes is ontleen aan die Engelse teks. Dit is ook getoonset deur mej. Joan van Niekerk.

„By die beoordeling van hierdie liedjies moet nie te veel waarde geheg word aan die oorspronklikheid van (Vervolg op bladsy 49.)

P. IMKER HOOGENHOUT

(Vervolg van bladsy 17.)

die woorde of wysies nie. Sentiment wat reg vertolk word deur musiek, behoort aan die mensdom, en nie net aan een of ander volk nie. Hoeveel van ons liedjies is oorspronklik? Hoeveel van die Engelse, Ierse en Skotse volksliedjies is oorspronklik? My strewes was om die jongmense en kinders in my onmiddellike omgewing te laat sing, en in Afrikaans te laat sing. Of ek geslaag het, ja, dit moet diegene wat bevoegd is om dit te doen, beoordeel."

Baie bekend en geliefd is *Grietjie*, maar die mense weet nie dat mnr. Hoogenhout die digter daarvan is nie. In die *Liederbundel*, byeenversamel en gerangskik deur mej. Joan van Niekerk, word die digter aangegee as „P.I.H. te Groenberg." Hierdie naam het ek oor die radio hoor aankondig, en selfs persone wat hulself voordoen as kenners van die Afrikaanse lied, vereer *meneer Te Groenberg* met die outeurskap.

Grietjie is 'n vrye vertaling van die Ierse liedjie:

„Molly dear,
Now did you hear,
What all the people say,"

maar die gees van die Afrikaanse liedjie is so suiwer Afrikaans dat dit glad nie vir so 'n vertaling aangesien word nie, en dié liedjie lewe dan ook in die Afrikaanse volksmond. So verklaar Boshoff en Du Plessis (*Afrikaanse Minneliedjies*, bls. 90) dan ook: „Hierdie minneliedjie sluit sig goed aan in inhoud en gees by die Afrikaanse nugterheid; vandaar sy populariteit onder die volk. Die indruk wil maar nie weg nie, dat die minnaar Grietjie se hand wil hê om haar honderd pond... wat in die spaarbank lê?"

Mnr. Hoogenhout verkies dat *Grietjie* gesing word op die wysie van *My Irish Molly*, „wat baie geskikter is as die toonsetting deur Hullebroeck."

Op hierdie lied het gevolg 'n *Antwoord van Grietjie*, wat gepubliseer is in *De Goede Hoop* van Maart 1907. Dit kan ook gesing word op die wysie van *My Irish Molly*. Dit is 'n geheel oorspronklike gedig. Die eerste koeplet lui:

„Piet, ou Neef, al kyk jy skeef,
Ek ken jou al te goed;
Al sing jy ook di mooiste lied,
Al praat jy nog so soet;
Soek maar vir jou 'n ander vrou,
Miskien is sy wel klaar,
Want één ding is ek seker van:
Ons pas nie bymekaar.
Pietjie, myn liewe Pietjie,
Al praat jy ook so's stroop,
Jy kry tog nie vir Grietjie,
Myn goeie Pietjie,
Jy kan maar loop.
Mei-maand is nog nie 'kry'-maand,
Ek vra nie eens vir Pa.
Wat jou hoed en laat ons groet,
Want Grietjie weet wel wat sy doet,
Sy sê vir jou nooit: Ja!"

Hierdie gedig is oorspronklik.

Vreemd is dit dat ander liedere van mnr. Hoogenhout in die vergeetboek geraak het, soos *Annie Bester* op die wysie van *Annie Laurie*, maar ook weer heeltemal verafrikaans. *Annie Bester* woon op „di vlaktes van die Vrystaat," en die digter is baie in sy skik met haar.

„En 't sal my nooit berou,
Dat ek vir Annie Bester
Gevra het as myn vrou."

Dieselfde weemoedige toon as in *Blomme in die Vlei*, tref ons aan in een van mnr. Hoogenhout se oudste gediggies, wat in *De Goede Hoop* van Mei 1904 verskyn het: *Liewe Annie*, 'n vrye vertaling van die Engelse lied: *Gentle Annie*:

„Jy kom nou nooit weer, liewe Annie!
So's 'n blom het jij ook hier verdwyn.
Jy is weg, helaas! en ik kan nie
Help om so mar van smart ook weg te kwijn.
Wanneer sal ek jou ooit weer sien?
Klink jou sagte stem weer in mijn oor?
Als di lente kom, liewe Annie!
Dan verdrietig dwaal ik di velde door..."

In die eerste jaargange van *De Goede Hoop* is daar 'n hele reeks gedigte deur mnr. Hoogenhout, vertalings en oorspronklikes, en sommige heel verdienstelik, maar my doel was nie om in hierdie artikel sy digwerk te bespreek nie: ek wou slegs die een en ander vertel oor die oorsprong van sy bekendste gedigte wat volksliedere geword het. Gedurende die jare 1910 tot 1921 het hy nog etlike gedigte vir sangeresse op versoek geskrywe, soos *Huis-toe na die fees*, *Ek hoor jou soete stem*, *As ons kindjie bed-toe gaan*, ens. Een van hierdie gedigte is opgeneem in die F.A.K.-Volksangbundel, en getoonset deur F. Mendelsohn Bartholdy:

„Ek wou dat een enkel woordjie
My liefd' aan jou kon verraai;
Dan vra ek die sagte windjie
Om dit na jou oor te waai..."